Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 15: *Bo* – Gaan

יהוה *het vir Moshe gesê: "Gaan na Farao toe, want Ék het sy wil, emosie en verstand, asook die wil, emosie en verstand van sy diensknegte verhard sodat Ek hierdie tekens van My onder hulle kan uitvoer en sodat jy voor die ore van jou kind en jou kindskind kan vertel hoe Ek 'n bespotting van die Egiptenare gemaak het en van My tekens wat Ek onder hulle gebring het sodat julle kan weet dat Ek* יהוה *is."* Ex. 10:1 en 2 – PWL[1]

Torah: Exodus 10:1 tot 13:16.

Haftorah: Jer. 46:13 tot 28.

Nuwe Verbond: Lukas 2:22 tot 24; Joh. 19:31 tot 37; Hand. 13:16 tot 17; Open. 8:6 tot 9:12; Open. 16:1 tot 21.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 15 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

When you kill time, remember that it has no resurrection – A.W. Tozer.

Always remember that Satan likes a counterfeit that looks as close to the original as possible! – Anonymous.

Your life is a result of your choices. If you don't like your life, it's time to make some better choices – Anonymous.

The more we give, the more we grow to love the recipient of our giving – Anonymous.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

For a small reward, a man will hurry away on a long journey; while for eternal life, many will hardly take a single step – Thomas a'Kempis

Torah Bespreking

Hersiening

Ons studie van die tweede boek van Moses (Exodus: *Sh'mot*) het begin met die woorde:

> Hierdie is die name van die seuns van Yisra'el wat in Mitzrayim ingekom het; elkeen het met sy huisgesin saam met Ya'akov gekom..... Al hierdie lewens wat uit Ya'akov se lendene voortgekom het, was sewentig siele, maar Yosef was reeds in Mitzrayim. Exo. 1:1 en 5.

In hierdie week se Torahskriflesing lees ons dat hierdie nageslag van Jakob wat uit Egipte weggetrek het in die bestek van 215 jaar[2] vermeerder het tot sowat ses honderdduisend manne te voet. Volgens beraming beteken dit 'n totaal van ongeveer twee miljoen siele!

> Die seuns van Yisra'el het van Ra'amses na Sukkot gereis, omtrent ses honderd duisend manne te voet, buiten die kinders. Ex. 12:37.

יהוה het dus Sy belofte (eedswering) aan Abraham nagekom:

> en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou karakter en outoriteit (naam) groot maak en jy sal 'n seën wees. Gen. 12:2.

Verlede week se Torahskriflesing het geëindig met die sewende plaag:

> Farao se wil, emosie en verstand was onveranderlik sodat hy die seuns van Yisra'el nie laat gaan het nie, soos יהוה deur die hand van Moshe gesê het. Exo. 9:35.

Ten spyte van sewe plae waar יהוה Sy Almagtigheid aan Farao bewys het, het Farao se hart verhard gebly!

Hierdie week se Torahskriflesing begin in Exo. 10:1 met יהוה se opdrag aan Moses: *Gaan na Farao toe..*! Moses moes weereens na Farao teruggaan en vir hom sê:

> So sê יהוה, die God van die Hebreërs: 'Hoe lank sal jy weier om jou voor My te verneder? Laat My volk gaan dat hulle My kan dien. Ex. 10:3.

Maar in hierdie week se Torahskriflesing sien ons dat na die tiende plaag het Farao, ten spyte van sy hardheid van hart, uiteindelik Moses se versoek toegestaan en Yisra'el laat gaan om 'n fees vir יהוה in die wildernis te gaan hou en aan God 'n offer te bring (Ex. 5:1 en 3).

Bepeins of Bespreek

1. Wanneer teëspoed en hartseer oor die pad van Christene kom, is daar diegene wat glo dat alles die wil van יהוה is en ander wat glo dit is alles die werk van Satan. Die vraag is

[2] Hierdie kort video: 'How Long Were The Israelites In Egypt?' (https://www.youtube.com/watch?v=FF0F8YjT1og) gee konkrete bewys dat Israel slegs vir 215 jaar in Egipte was en waarvan hulle slegs vir sowat 144 jaar slawe was. Dit verduidelik ook hoe Gen. 15:3, Ex. 12:40 en Gal. 3:17 in die geheelprentjie verklaar moet word.

egter: Moet ons nie eerstens selfondersoek doen wanneer beproewinge oor ons pad kom nie? Is teëspoed en hartseer nie meestal weens verkeerde besluite wat ons neem nie?

Gaan! Gaan oor tot aksie!

Die opdrag *om te gaan* is יהוה se eeu-oue opdrag wat in die nuwe verbond herhaal word. Soos Moses na Farao moes gaan, en soos Yisra'el uit Egipte moes gaan, so is die opdrag aan ons elkeen ook om te gaan.

Eerstens moet ons uit Egipte, naamlik uit die wêreld van sonde gaan deur vertroue in Yeshua as die Lam van God tot sondevergifnis en versoening met יהוה. Maar dit behels ook dat 'Egipte' uit ons moet gaan, naamlik om ons af te sonder (te heilig) as יהוה se koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9 en 10) volgens die orde van Melgisédek! Daarom die opdrag en waarskuwing soos Yeshua dit aan Johannes openbaar het:

> Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plae ontvang nie. Open. 18:4.

Die opdrag is dat ons geen deel aan geestelike hoerery, soos deur Babilon gesimboliseer word, mag hê nie! Ons moet uit 'Egipte' gaan en 'Egipte' moet uit ons gaan! Dit vind plaas wanneer ons ons hele wese aan God beskikbaar stel sodat ons vernuwing van ons denke, emosie en wil kan ondergaan.

> **1**My broers, daarom smeek ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk **2**en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. Rom. 12:1 en 2.

Daarom kan ons nie in dieselfde juk trek as ongelowiges nie, naamlik saam met diegene wat Yeshua as Die Gesalfde Een verwerp, want as tempel van God het ons geen ooreenstemming met die teëstanders van Yeshua of met afgodery nie! Paulus stel dit soos volg baie duidelik in 2 Kor. 6:14 tot 18.

> **14**Moenie saam met ongelowiges gejuk wees nie. Watter deel het onpartydige opregtheid met die oortreding van die wet en watter gemeenskap het lig met die duisternis?
> **15**Of watter ooreenstemming het Die Gesalfde Een met die teëstander; of watter deelname het die wat vertrou met die ongelowige?
> **16**Watter ooreenkoms het die tempel van God met demone? Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is: "Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My 'n volk wees."
> **17**"As gevolg hiervan," sê יהוה, "gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie[4] en Ek sal julle ontvang
> **18**en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees," sê יהוה, wat almal vashou.

Tweedens het ons die opdrag om na die wêreld en na die nasies te gaan soos wat Yeshua ons beveel het!

> **15**en Hy het vir hulle gesê: "Gaan na die hele wêreld en verkondig My goeie boodskap in die ganse skepping.

> **16**Wie ook al vertrou en gedoop word, sal lewe, maar hy wat nie vertrou nie, is veroordeel. Mark. 16:15-16.
>
> **19**Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en die Seun en die Gees van Afsondering en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het
> **20**en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Dit is waar." Matt. 28:19-20.

Wanneer ons gaan om die goeie boodskap van verlossing deur vertroue in Yeshua te verkondig, sal ons baie teëkom wat soos Farao 'n hardheid van hart het. Ook wanneer ons 'gaan' om die misleiding van die Christendom en van Rabbynse Judaïsme bloot te lê, sal ons diegene kry met 'n hardheid van hart! Ja, selfs van geliefdes en vriende!

In sulke gevalle het Yeshua ook vir ons gesê om te gaan – gaan uit daardie huis of daardie stad!

> Wanneer iemand julle nie ontvang en nie na julle boodskap luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af. Matt. 10:14.

Ons elkeen wat bely dat Yeshua die gekruisigde en opgestane Gesalfde Een is, is geroep om te gaan – oor te gaan tot aksie wat die Hemelse Koninkryk sal uitbrei! Ons moet dit vreesloos doen!

For unless your hearts are free from worldly hopes and worldly fears, you never will speak boldly, as you ought to speak – Whitefield.

Bepeins of Bespreek

1. Rabbynse Judaïsme, naamlik die huis van Juda, ontvang nie die huis van Efraim wat die goeie boodskap van Yeshua as Verlosser verkondig nie. Volgens Yeshua en Paulus se eie woorde is hulle die teëstanders van יהוה-God. Hulle is soos Farao met 'n hardheid van hart! Dan moet ons, nadat ons Yeshua se opdrag in Matt. 28:19-20 en Mark. 16:15-16 uitgevoer het, sekerlik tog optree volgens die opdrag in Open. 18:4 en Matt. 10:14!?

   - En tog is daar talle in die Messiaanse Beweging wat nie bereid is om die blye boodskap van Yeshua aan Rabbynse Judaïsme te verkondig nie, want hulle glo dat Torah-gehoorsame Ortodokse Jode wel gered is. Is dit waar in die lig van die Skrifte van die nuwe verbond?

   - Hierdie (oordrewe) lojaliteit teenoor Rabbynse Judaïsme is die rede hoekom diegene wat waarsku teen die misleiding van Judaïsme vervolg word. So word ek dikwels 'aangekla' van Jodehaat (antisemietisme), dat ek laster teen die huis van Juda, asook dat ek יהוה se Torah verag en dat ek korrup is. My vraag is: Moet lojaliteit teenoor die huis van Juda (Jode) – insluitende Rabbynse Judaïsme – eerder gemeet word aan die gesindheid van Paulus toe hy in sy brief aan die Romeine geskryf het?

     > **1**My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word,
     > **2**want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie

> **3**omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie. Rom. 10:1 tot 3.

Soos Paulus moet ons ook die begeerte hê om aan die huis van Juda (Rabbynse Judaïsme) die blye boodskap van redding deur Yeshua te verkondig. Dit is ware liefde vir ons broers van Juda!! Is weiering om dit te doen om skuldig te wees aan 'n geestelike slagting ('spiritual holocaust') van die Jode?!

Yeshua is die enigste Weg na die Waarheid wat die Lewe gee, want alleenlik deur Yeshua kan ons na die Vader gaan (Joh. 14:6). Geld dit vir alle mense – vir Jood en nie-Jood (vreemdeling)? Sonder Yeshua gaan die huis van Juda verlore en verkeer hulle in ballingskap weens hulle ongehoorsaamheid. Behoort ons nie eerstens na die huis van Juda te gaan met die evangelie van verlossing deur Yeshua nie?

2. 'International Holocaust Remembrance Day' (*Yom HaShoah*) word jaarliks op die 27 Nisan (April/Mei) gedenk. Waarom het יהוה toegelaat dat miljoene Jode uitgewis was? Of is die vraag eerder: Hoe kon die mensdom dit toegelaat het? Iemand het die volgende stelling gemaak: *Man did cause the Holocaust by acts of injustice and apathy.* Ja, hoe kon regerings en die mensdom "toelaat" dat dit gebeur? Maar ons moet ook vra: Was die "holocaust" deel van יהוה se oordeel (strafgerigte) teen die Jodedom wat Yeshua verwerp het?

'n Nuwe Begin

Die uittog uit Egipte kan ook as 'n nuwe begin vir Yisra'el beskou word. Dit kan ook gesien word as die eerste stap in die vestiging van יהוה se Koninkryk hier op aarde wat met Abraham begin het.

MAAR die Koninkryk van God moet gesien word as 'n huis (huishouding) met 'n eggenoot (Yeshua; Bruidegom, man) en 'n eggenote (Yisra'el, bruid, vrou). Daar is dus 'n Vader (יהוה) met kinders wat hulle moet onderwerp aan die huisreëls (Torah) van die Vader. Hierdie feit het ons in parashah 1 bespreek met verwysing na Gen. 1:1, naamlik:

Die eerste letter van die eerste woord van Torah is *bet/vet* (ב) en beteken *huis* of *tent* (letterlik) en *huishouding, hoof van die huis* en *koning op 'n troon* (simbolies). Die letter *bet* is dus 'n sinnebeeld van 'n huis en 'n huishouding en die Vader van die huis, asook van 'n koning en koninkryk. Hierdie huis en huishouding sinspeel dus op die huis van יהוה en dus op die tempel (tabernakel) en die feit dat ons die tempel van יהוה is.

Die gedagte van 'n huishouding van liefde en 'n liefdesverhouding tussen Bruidegom en bruid, en Vader en kinders, is dus nie vreemd nie, want God het dit van die begin af so beplan. Dit is die verhouding wat יהוה weer met Yisra'el wou vestig. Die land Kanaän sou hulle 'huis' wees en יהוה sou hulle God en Vader wees. Hierdie verhouding was ook deur die lewe van Abraham gedemonstreer.

Maar Yisra'el moes eers uit Egipte kom en Egipte moes uit Yisra'el kom! Soos יהוה aan Moses opdrag gegee het om na Farao te gaan, so het יהוה deur Moses aan Yisra'el die kans gebied om uit Egipte te gaan! Die begin van hierdie 'proses' was die instelling van Pesag.

Daarom is die hoogtepunt van hierdie week se Torahskriflesing die instelling van Pesag (die Pasga; Paasfees). Hierdie gebeurtenis het 'n blywende verandering in die geestes- en fisiese

wêreld meegebring. Daarom word dit as ‘n nuwe begin vir Yisra’el beskou en is dit ‘n sinnebeeld van wedergeboorte!

Hierdie nuwe begin is die vertroue in die geslagde lam en sy bloed aan die deurkosyne tot verlossing van die slawejuk. Elke vlekkelose lammetjie wat per huisgesin teen die aand geslag was en die bloed waarvan aan die deurkosyne gesmeer was, was ‘n getuienis van vertroue in יהוה en van Sy se belofte aan Abraham dat in hom sal al die geslagte van die aarde geseën word (Gen. 12:3; Gen. 18:18; Gen. 22:18 en Gen. 26:4).

Daarom kan die belangrikste gebeure van die Boek van Exodus ondermeer in vier woorde opgesom word, naamlik: Pesag, Rooisee, Sinai en Manna. Elkeen van hierdie vier woorde is ook ‘n sinnebeeld van een stap in יהוה se plan van sondevergifnis en versoening, naamlik:

- Pesag – ‘n sinnebeeld van wedergeboorte (Joh. 3:1 tot 6 en 36).

- Rooisee – ‘n sinnebeeld van die waterdoop deur onderdompeling en die waterbad van die woord (Efes. 5:26).

- Sinai (*Shavuot*) – ‘n sinnebeeld van יהוה se Torah wat in ons verstand gegee is en op ons harte geskrywe is (Heb. 8:10), asook ‘n sinnbeeld van die gee (uitstorting) van die Afgesonderde (Heilige) Gees (Hand. 2:1 tot 13) wat ons sal bemagtig om gehoorsaam te wees (Joh. 14:26.

- Manna – ‘n sinnebeeld van die Woord waarmee ons gevoed word en ‘n leefwyse van geregtigheid deur Torah-gehoorsaamheid soos dit in Yeshua Die Gesalfde Een vervul is en in die nuwe verbond uiteengesit word. Soos Yisra’el die Torah van Moses moes volg tot Yeshua se koms, so moet ons die Torah van Yeshua van die Malki-Tzedek orde volg tot Yeshua se wederkoms.

Yisra’el se ‘wedergeboorte’ was die eerste Pesag en die bevryding van die slawejuk van Egipte was ‘n nuwe begin om יהוה waarlik te ken. Yisra’el het by Sinai aangekom sodat יהוה Homself opnuut aan Sy volk kon openbaar as die God van Abraham, Isak en Jakob!

Indien Yisra’el na יהוה se stem sou luister en Hom gehoorsaam, sou hulle ‘n spesiale skat vir Hom wees, asook ‘n koninkryk van priesters en ‘n afgesonderde (heilige) volk (Ex. 19:5).

Net so is wedergeboorte deur vertroue in Yeshua as Verlosser vir ons die begin van ‘n lewe waar ons na יהוה se stem – die Afgesonderde Gees – moet luister met die doel om in alles gehoorsaam te wees. Dan sal ons ook ’n gekose nasie wees om as priesters volgens die orde van Malki-Tzedek, en onder die Hoofpriesterskap van Yeshua, in die hemelse Koninkryk van יהוה te dien (1 Pet. 2:9; Heb. 7:11 tot 17).

Dan is ons ook ’n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry (soos Yisra’el van ouds), om die lofprysinge van Hom, wat ons uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, ons wat voorheen geen volk was nie, maar nou die volk van God is.

> **9** Julle is ’n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, ’n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig,
> **10** julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgegee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. (1 Pet. 2:9 en 10).

Bepeins of Bespreek

1. Die vraag is of ons יהוה Yeshua waarlik ken, want dit is die sleutel tot die ewige lewe (Joh. 17:3). Indien ons יהוה nie waarlik ken nie, loop ons gevaar om:

   - יהוה as Persoon te misken en daarom verstaan ons nie dat Hy as Vader-God ook eienskappe het waarmee ons mens mee kan identifiseer. Die mens is immers na יהוה se beeld en gelykenis geskape! Maar na die sondeval het die mens die sondige aard van Adam ontvang en kan herstel tot die beeld en gelykenis van God slegs deur wedergeboorte en afsondering (heiligmaking) plaasvind.

   - Maar ons loop ook gevaar dat ons יהוה ons gelyke kan maak – ons oorvermenslik יהוה en op die wyse verloor ons die nodige eerbiedige ontsag (vrees) vir Hom, asook die besef dat Sy Grootheid en Almag vêr bo ons menslike verstand is.

   Hoewel יהוה eienskappe (hoedanighede) het waarmee ons kan identifiseer en begrip voor het, moet ons besef dat hierdie insig waaroor ons beskik steeds baie beperk is. Om Yeshua as maatstaf (verwysing; standaard) te gebruik, is 'n groot hulp tot beter kennis en begrip van die Vaderhart. Yeshua is die afskynsel (weerkaatsing) van יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die afdruksel van Sy wese (Heb. 1:3).

   Ons moet voortdurend besef dat יהוה Afgesonder (Heilig) is met ewigheidskwaliteite en onveranderde standaarde en Sy Woord (Torah) is die ewige Waarheid. יהוה Yeshua is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 13:8)! By Hom is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie (Jak. 1:17). Daarom sal יהוה se Verbond en Sy instruksies vir 'n Verbondsverhouding (Torah) nooit verander of tot niet gaan nie! יהוה was en is tot in ewigheid onveranderbaar!

2. Wat beteken dit dat יהוה gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is (Heb. 13:8), en dat daar by Hom geen verandering of skaduwee van omkering is nie (Jak. 1:17)? Moet dit net gesien word in die lig van יהוה se Karakter en Outoriteit, naamlik al God se hoedanighede, of moet dit ook gesien word dat יהוה se Torah nie verander nie? Die vraag wat steeds wyd gedebateer word, is of daar 'n verkil is tussen die Torah van Moses van die ou verbond en die Torah van Yeshua van die nuwe verbond. Kyk na die volgende kort lering van Lex Meyer: "Is following the Torah the same as following Yeshua?" by die volgende skakel: https://www.youtube.com/watch?v=sfhasZJEd84

יהוה se Kalender

יהוה *het met Moshe en Aharon in die land van Mitzrayim gepraat en gesê: "Hierdie maand sal vir julle die begin van die maande wees; dit sal vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.* Exo. 12:1 en 2.

Judaïsme en die meerderheid gelowiges in Yeshua as Die Gesalfde Een en wat terugkeer na hulle Hebreeuse wortels is oortuig dat יהוה se kalender bepaal word volgens die siklus van die maan – 'n maankalender.

Maar die vraag wat ons almal behoort te vra is of יהוה se kalender volgens die siklus van die son of volgens die siklus van die maan bepaal word? Hoe seker is ons dat die kalender wat Judaïsme volg dieselfde kalender is as wat Moses gevolg het? Het Yisra'el van ouds dalk eeue gelede weens die invloed van Babilon begin om 'n ander kalender as die een soos יהוה

dit aan Moses gegee het te volg? Hierdie is geldige vrae, veral in die lig van die geskiedenis en van die Qumran geskrifte!

Maar die volgende is ook baie belangrik! Die meeste van ons is bekend met die misleiding wat daar in die Christendom is, maar min van diegene wat deel is van die Messiaanse Beweging is bewus van die ernstige misleiding wat ook deel van Rabbynse Judaïsme is! Talle volg die leerstellings en tradisies van Judaïsme blindelings sonder om dit self te ondersoek of dit die waarheid is en sonder om dit te bevraagteken!

Dit is waar dat die Afgesonderde Gees besig is om in die harte van mense te werk om terug te keer na die antieke lewenswyses – die ou paaie! Soos Jeremia tereg geprofeteer het, naamlik dat Yisra'el loop op paaie (sypaaie) waarop nie geloop is nie!

> Tog het My volk My vergeet, hulle brand wierook vir die waardelose gode en hulle het gestruikel in hulle lewenswyses, afgedwaal van die antieke lewenswyses, om te loop op paaie waarop nie geloop is nie. Jer. 18:15.

Maar is hierdie antieke paaie die van die Sadduseërs en die Fariseërs of is dit die antieke paaie van eeue voor dit, naamlik die paaie van Abraham, Isak, Jakob, Moses en die profete?!

Watter kalender om te volg het ook 'n einde van die dae kwessie geword. Die debat gaan nie net oor die kalender volgens Rabbynse Judaïsme versus die Karaïete se kalender of die Maan-Shabbat kalender nie, maar die moontlikheid word al hoe meer gedebateer dat יהוה se oorspronklike kalender wel 'n sonkalender was, hoewel nie dieselfde as ons huidige Gregoriese kalender nie. In die boek van Henoch in hoofstukke 72 tot 82 word die inligting gegee oor die antieke sonkalender van יהוה.

Prof. Rachel Eleor van die Hebreeuse Universiteit in Jerusalem, wat reeds vir etlike jare die Qumran geskrifte bestudeer, is oortuig dat daar in hierdie geskrifte ook bewys is van so 'n sonkalender wat deur die Zadok priesterode gevolg was!

In 'n artikel wat in die Jerusalem Post verskyn het (*From The Sun to the Moon*), verduidelik sy hoekom die Rabbis van ouds sekere boeke soos die Boek van Henog en die Boek van Jubileums (*Jubilees*) uit die Tanakh weggelaat het:

> *The short reason for the canon/Apocrypha divide, she suggests, was a dispute over the calendar. The more profound explanation involves a power struggle between the old priestly order that believed its rulings to be divinely inspired and an emerging class of rabbis espousing a different narrative, one which gave human reason and laws a role in shaping the religion. Elior demonstrates how mystic notions like cosmic calendars and heavenly chariots were part of a power struggle whose outcome would affect how Judaism is practiced to the present day.* ***For centuries the Yisra'elites had marked time according to a solar calendar drawn up by the priestly caste but regarded as divinely inspired. The calendar emulated the pattern set by God when He created the world in six days and rested on the seventh.*** *The number seven would become a mystic measure of Jewish time.* (http://www.jpost.com/Magazine/Features/From-the-sun-to-the-moon).

'n Oudio van 'n lesing wat sy by die Chicago Universiteit se Divinity School in April 2014 gelewer het kan ook geluister word by: *https://www.youtube.com/watch?v=tvnERLCmX-U&list=PLr7ArG3je9VtmG6B1DbTvJmqOmO8UJb9a*

Die vraag is dus watter kalender het Moses gevolg? Want toe יהוה vir Moses gesê het: *Hierdie maand sal vir julle die begin van die maande wees....* het Moses presies geweet na watter maand en volgens watter kalender het God na verwys.

Moses het opgegroei in die paleis van Farao en het dus die beste opleiding wat Egipte kon bied, wat op daardie tydstip die mees ontwikkelde land in die wêreld was, ontvang. Dit word deur Hand. 7:22 bevestig:

> Moshe is opgelei in al die wysheid van die Mitzrayiete en was voorbereid in redevoering en in dade.

Daarom sou Moses kundig gewees het aangaande die kalender wat die Egiptenare gebruik het. Het יהוה na hierdie kalender verwys of na ‘n ander kalender?

Hierdie vraag: “What Calendar Did Moshe Keep – What is the “Ancient Path”? word ondermeer ook in ‘n artikel deur Rob Moore bespreek. Hierdie artikel is beskikbaar by: https://www.inthatday.net/wp-content/uploads/2012/WhatCalendarDidMosheKeep.pdf

Die volgende leringe van Matthew Nolan (Torah to the Tribes) is ook die moeite werd om na te luister:

> Community Calendar Conversation. https://www.youtube.com/watch?v=nwjT3ulFSoM
>
> Unshackling Ourselves to a Straight Forward Calendar https://youtu.be/dMNweSI3LPo

Uit bogenoemde is dit egter duidelik dat daar ook meningsverskil is oor hierdie sonkalender! Sommige kleiner groepies volg ook hulle eie sonkalender wat verskil van ander kalenders. Ons eindig dus met dieselfde vraag as met die maankalender, naamlik: Wie is reg? Maar wat die ware kalender van יהוה aanbetref glo ek dit is soos wat Paulus in 1Kor. 13:8-10 skryf:

> **8** Liefde faal nooit nie; profesieë sal ophou, tale sal stilgemaak word en kennis sal niks wees nie,
> **9** want ons ken ’n bietjie van baie en ons profeteer ’n bietjie van baie,
> **10** maar as die volmaaktheid gekom het, dan sal wat gedeeltelik is, niks wees nie.

Ons ken nog net ten dele, naamlik net ‘n bietjie van baie! Ken ons dalk ook nog net ten dele ten opsigte van die ware kalender van יהוה? Daarom moet ons nie ophou om na die waarheid te soek nie. In ons soeke mag ons wel in liefde met mekaar verskil, met die besef ons ken net ten dele!

In hierdie soeke moet ons altyd vra: Glo ek omrede dit die waarheid is, of is dit die waarheid omrede ek dit glo?

Beware of false knowledge; it is more dangerous than ignorance — George Bernard Shaw

In order to understand the truth, you have to expose those things that are not true. What’s left is then the facts – Joseph Dumond.

There is no greater lie than a truth misunderstood – William James.

It is better to declare the truth and be rejected, than to withhold it just to be accepted – Anonymous.

Bepeins of Bespreek

1. Daar is groot verwarring oor die ware kalender van Vader-God en daarom moet gevra word: Is jy oortuig dat die kalender wat jy volg die ware kalender van יהוה is? Of is die kalender wat jy volg terwille van eenheid met die huis van Juda of terwille van eenheid met die groep waarvan jy deel is? Het jy al self die ware kalender van יהוה biddend ondersoek of volg jy blindelings ander na?

2. Is die opdrag om יהוה se Feestye te gedenk 'n kwessie van (deel van ons) redding? En daarmee saam die vraag: Is dit belangrik watter kalender ons volg of is dit belangriker dat ons wel יהוה se Vasgestelde Tye gedenk?

3. Volgens sommige kundiges dui die feit dat die aarde se as nie presies vertikaal is nie, maar wel teen 'n hoek van 23,5 grade, daarop dat 'n gebeurtenis in die verlede (Asteroïede impak, Sondvloed?) die oorsaak was vir hierdie verskuiwing. Sou die aarde se as presies vertikaal wees, sal die omwentelinge van die aarde om die son waarskynlik presies 360 dae gewees het, en nie 365 dae, 5 uur en 46,069 minute soos huidiglik nie! Dit sou ook beteken dat die siklus van die maan om die aarde ook presies 30 dae sou wees en nie 29,530589 dae soos huidiglik nie! 'n Jaar sou dus 12 maande van 30 dae wees – 'n gesinkroniseerde son- en maankalender! Gaan יהוה met die nuwe hemel en aarde (Open. 21:1) ook die as van die aarde "herstel" om weer die volmaakte kalender van 360 dae per jaar te skep? Inligting oor die kalender is ook beskikbaar by: HebreeuseKalenderNov17

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.